<ul style="list-style-type: none"> (a) die onderwerpe in subregulasie (3) bedoel, maar op gevorderde vlak; (b) die teorie en praktyk van die seleksie en voorbereiding van diere vir die opvang van eiselle en diere wat geïnovuleer moet word; en 	<ul style="list-style-type: none"> (a) the subjects referred to in subregulation (3), but at an advanced level; (b) the theory and practice of the selection and preparation of animals for the collection of ova and animals to be inovulated; and
<p>(c) die teorie en praktyk van die opvang van eiselle.</p>	<p>(c) the theory and practice of the collection of ova.</p>
<p>(5) Die toelatingsvereistes vir 'n onderrigkursus in subregulasie (3) bedoel, is—</p>	<p>(5) The requirements for admission to a course of instruction referred to in subregulation (3) shall be—</p>
<ul style="list-style-type: none"> (a) die besit van 'n matrieksertifikaat; (b) die suksesvolle voltooiing van 'n onderrigkursus in subregulasie (2) bedoel; en (c) die slaging van 'n toelatingseksamen in— <ul style="list-style-type: none"> (i) die grondbeginsels van voortplantingsfisiologie en endokrinologie; (ii) die basiese anatomie van die geslagstelsels van manlike en vroulike diere; en (iii) die grondbeginsels van veekunde en veeteelt. 	<ul style="list-style-type: none"> (a) the possession of a matriculation certificate; (b) the successful completion of a course of instruction referred to in subregulation (2); and (c) the passing of an entrance examination in— <ul style="list-style-type: none"> (i) the fundamental principles of the physiology of reproduction and endocrinology; (ii) the basic anatomy of the genital systems of male and female animals; and (iii) the fundamental principles of animal science and livestock breeding.
<p>(6) Slegs veekundiges word tot 'n onderrigkursus in subregulasie (4) bedoel, toegelaat.</p>	<p>(6) Only animal scientists shall be admitted to a course of instruction referred to in subregulation (4).</p>
<p>Fasilitete by persele van K.I.-sentrus</p>	<p>Facilities at premises of A.I. centres</p>
<p>11. (1) 'n Perseel waar semen of eiselle opgevang, verwerk, verpak, opgeberg of verkoop word, moet tot genoegdoening van die registrateur oor die fasilitete waarna in regulasie 3 (3) (a), (b) en (c) en (4) verwys word, beskik.</p>	<p>11. (1) Any premises where semen or ova are collected, processed, packed, stored or sold, shall have those facilities referred to in regulation 3 (3) (a), (b) and (c) and (4) to the satisfaction of the registrar.</p>
<p>(2) Benewens die fasilitete in subregulasie (1) bedoel, moet die fasilitete wat redelikerwyse noodsaklik is vir die opvang, ondersoek, verwerking, verpakking, merk of etikettering en opberging van semen of eiselle ook by 'n K.I.-sentrum beskikbaar wees.</p>	<p>(2) In addition to the facilities referred to in subregulation (1), the facilities that are reasonably required for the collection, examination, processing packing, marking or labelling and storage of semen or ova shall also be available at any A.I. centre.</p>

Vereistes vir persele van, en fasiliteite by, K.I.-sentrum

- (1) Die perseel van 'n K.I.-sentrum moet—
(a) benewens voldoende ruimte vir die toepaslike fasilitete in regulasie 11 bedoel, groot genoeg wees om voldoende ruimte te voorsien vir aanhouding en oefening van die gematigde getal diere wat daarop aangehou mag word; en
(b) op so 'n wyse omheim wees dat die diere wat gematig is om daar aangehou te word, nie in staat is om fisiese kontak met enige ander diere te maak nie.
(2) Die gebied van sodanige perseel waar diere vir ondersoek en toetse in kwarantyn gehou word met die oog op hul goedkeuring vir die opvang van semen of eiselle, na gelang van die geval, moet—
(a) op so 'n wyse ontwerp en omhein wees dat sodanige diere nie in staat sal wees nie om fisiese kontak met mekaar of met enige ander diere te maak nie;
(b) groot genoeg wees om voorsiening te maak vir die kwarantynfasilitete in regulasie 3 (3) (b) vermeld; en
(c) so geleë of afgeskerm wees dat afloopwater nie van een kwarantynstal of -hok na 'n ander, of van daardie gebied oor enige ander gedeelte van die perseel waar diere aangehou word, kan vloeи nie.
(3) Oortollige water moet vinnig en doeltreffend uit kampe, drukgange en ander plekke waar diere op die perseel aangehou sal word, dreineer.
(4) Afsonderlike vertrekke moet by 'n K.I.-sentrum voorseen word vir—
(a) kantore vir die administratiewe funksies;
(b) laboratoriums wat toegerus moet wees met al die apparaat benodig vir die ondersoek, verwerking, verpakking, merk of etikettering en opberging van semen of eiselle, na gelang van die geval; en
(c) die reiniging, ontsmetting of sterilisering en voorbereiding van die toerusting wat vir die opvang van semen of eiselle en die funksies in paragraaf (b) bedoel, gebruik word.
(5) Die vertrekke vir die verskillende funksies in subregulasie (4) bedoel, moet doeltreffend van mekaar afgeskerm wees indien dit in dieselfde gebou is.
(6) Die plek by 'n K.I.-sentrum waar semen of eiselle verkoop word, of vanwaar dit versprei word, moet so geleë wees dat die persone wat daar bedien word nie toegang tot die laboratorium sal hê nie.
(7) Vloere, mure en plafonne van laboratoriums en ander vertrekke by 'n K.I.-sentrum waar semen of eiselle hanteer word, moet op so 'n wyse afgewerk wees, en die werksbanke daarin moet van so 'n standaard wees, dat dit doeltreffend skoongemaak en ontsmet kan word.
(8) Vloere en mure van stalle, hokke en deksteiers by 'n K.I.-sentrum moet ondeurdringbaar wees en so afgewerk wees dat—
(a) dit doeltreffend skoongemaak en ontsmet kan word; en
(b) dat die diere wat daarin gehou word nie daardeur beseer sal word nie.
(9) Alle stalle, hokke, kraale, kampe en ander plekke waar diere by 'n K.I.-sentrum aangehou word, moet doelmatige spasie, ventilasie, lig en beskerming of beskutting teen hitte, koue of ongunstige weer aan die diere wat daarin gehou word verskaf.
(10) Maatreëls moet by 'n K.I.-sentrum getref word om vlieeи, diereparasiete, ander insekte en knaagdiere te beheer.
(11) Die fasilitete en regulasie 11 (2) bedoel, moet in 'n goeie werkende toestand gehou word om te verseker dat die semen of eiselle wat daarmee of daarin hanteer word, nie besoedel word nie of dat die kwaliteit van die semen of eiselle nie benadeel sal word nie.

Requirements for, and facilities at, A.I. centres

- (1) The premises of an A.I. centre shall—
(a) in addition to sufficient space for the applicable facilities referred to in regulation 11, be large enough to provide sufficient space for keeping and exercising the authorised number of animals that may be kept thereon; and
(b) be fenced in such a manner that the animals authorised to be kept there, are unable to make any physical contact with any other animals.
(2) The area of such premises where animals are to be kept in quarantine for examination and tests with a view to their approval for the collection of semen or ova, as the case may be, shall—
(a) be designed and fenced in such a manner that such animals will be unable to make any physical contact with one another or with any other animals;
(b) be large enough to provide for the quarantine facilities specified to in regulation 3 (3) (b); and
(c) be so situated or screened off that effluent shall not flow from one quarantine stable or pen to another, or from that area over any other portion of the premises where animals are kept.
(3) Excess water shall drain rapidly and efficiently from camps, crushes and other places where animals are to be kept on the premises.
(4) Separate rooms shall be provided at an A.I. centre for—
(a) offices for the administrative functions;
(b) laboratories which shall be equipped with all such apparatus required for the examination, processing, packing, marking or labelling and storage of semen or ova as the case may be; and
(c) the cleansing, disinfection or sterilisation and preparation of the equipment used for the collection of semen or ova and the functions referred to in paragraph (b).
(5) The rooms for the different functions referred to in subregulation (4) shall be screened off effectively from each other if they are in the same building.
(6) The place at an A.I. centre where semen or ova are sold, or from which it is despatched, shall be so situated that the persons being served there shall have no access to the laboratory.
(7) Floors, walls and ceilings of laboratories and other rooms at an A.I. centre where semen or ova are handled shall be finished off in such a manner, and the work benches therein shall be of such a standard, that they can be cleaned and disinfected effectively.
(8) Floors and walls of stables, pens and collecting stocks at an A.I. centre shall be impermeable and shall be finished in such a manner that—
(a) it can be cleaned and disinfected effectively; and
(b) the animals that are kept therein will not be injured thereby.
(9) All stables, pens, kraals, camps and other places where animals are kept at an A.I. centre shall provide adequate space, ventilation, light and protection or shelter from heat, cold or inclement weather for the animals kept therein.
(10) Measures shall be taken at an A.I. centre to control flies, animal parasites, other insects and rodents.
(11) The facilities referred to in subregulation 11 (2), shall be kept in perfect working condition to ensure that semen or ova handled therewith or therein shall not be contaminated or that the quality of that semen or ova shall not be detrimentally affected.

Ondersoek en evaluering van diere

13. (1) 'n Dier ten opsigte waarvan 'n aansoek ingevolge regulasie 4 (1) gedoen is, moet vir die doeleindes van 'n ondersoek met die oog op die uitreiking van 'n sertifikaat soos in artikel 9 (3) (a) van die Wet beoog—

- (a) in die geval van 'n manlike dier, in die kwarantyngebied van 'n K.I.-sentrum ondersoek word;
- (b) in die geval van 'n vroulike dier, in die kwarantyngebied van 'n K.I.-sentrum of saam met die kudde waarin en op die plek waar sy normaalweg gehou word, ondersoek word.

(2) 'n Dier wat ondersoek is soos in subregulasie (1) beoog, mag nie sonder die skriftelike magtiging van die registrator uit die kwarantyngebied of van die plek waar dit aldus ondersoek is, verwijder word nie.

(3) Ondanks die bepalings van regulasie 4 (3) kan die registrator, in die geval van 'n manlike dier ten opsigte waarvan die Direkteur: Vee- en Suiwelkunde nie 'n sertifikaat in artikel 9 (3) (b) van die Wet bedoel, kan verstrek nie, maar andersins na die oordeel van die genoemde Direkteur vir die opvang van semen goedgekeur kan word, skriftelik magtiging verleen dat hoogstens die getal dosisse semen daarvan wat deur die komitee in artikel 3 (5) (c) (ii) van die Wet bedoel, aanbeveel word, gebruik mag word, vir die evaluering van sodanige dier ingevolge 'n toepaslike skema, ongeag of die betrokke skema kragtens artikel 14 van die Wet ingestel was of nie; met dien verstande dat die registrator sodanige magtiging slegs verleen nadat genoemde Direkteur besonderhede betreffende die beoogde evaluering en die bloedtiperinglaboratoriumnommer van die betrokke dier aan hom verstrek het.

Aanhouding en versorging van diere op K.I.-sentrums

14. (1) Behoudens die bepalings van subregulasies (2) en (3)—

- (a) mag geen ander diere as dié in regulasie 13 (1) bedoel, tot die kwarantyngebied van 'n K.I.-sentrum toegelaat word nie;
- (b) mag slegs daardie diere wat ingevolge artikel 10 (3) (c) van die Wet vir die opvang van semen of eiselle goedgekeur is, by 'n K.I.-sentrum toegelaat of aangehou word;
- (c) moet 'n dier uit die kwarantyngebied van 'n K.I.-sentrum of sodanige sentrum, na gelang van die geval, verwijder word, binne 14 dae na die datum van 'n skriftelike kennisgewing deur die registrator dat—
 - (i) 'n aansoek ingevolge regulasie 4 (1) vir die goedkeuring van daardie dier geweier is;
 - (ii) 'n aansoek ingevolge regulasie 6 om die hernuwing van die goedkeuring van daardie dier geweier is;
 - (iii) die goedkeuring van daardie dier kragtens artikel 13 (1) van die Wet ingetrek is; of
 - (iv) die registrator 'n goedkeuring wat hy ingevolge subregulasie (3) verleen het, ingetrek het.

(2) 'n Vroulike dier wat ingevolge artikel 10 (3) (c) van die Wet vir die opvang van eiselle goedgekeur is en wat nie normaalweg by 'n E.O.-sentrum aangehou word nie, kan saam met haar sogende nageslag, vir die opvang van eiselle op 'n E.O.-sentrum toegelaat word, slegs indien die veearts wat verantwoordelik is vir die gesondheid van die diere wat by daardie E.O.-sentrum aangehou word, oortuig is dat geen verandering in haar algemene gesondheidstoestand of dié van die kudde waarin sy normaalweg gehou word sedert haar goedkeuring of die hernuwing van haar goedkeuring, na gelang van die geval, plaasgevind het nie.

Examination and evaluation of animals

13. (1) An animal in respect of which an application referred to in regulation 4 (1) is made shall for the purposes of an examination with a view to the issue of a certificate as contemplated in section 9 (3) (a) of the Act—

- (a) in the case of a male animal, be examined in the quarantine area of an A.I. centre;
- (b) in the case of a female animal, be examined in the quarantine area of an A.I. centre or with the herd with which and at the place where she is normally kept.

(2) An animal which is examined as contemplated in subregulation (1) shall not be removed from the quarantine area or place where it was thus examined without the written authority of the registrar.

(3) Notwithstanding the provisions of regulation 4 (3) the registrator may, in the case of a male animal in respect of which the Director; Animal and Dairy Science cannot furnish a certificate referred to in section 9 (3) (b) of the Act, but may otherwise in the opinion of the said Director be approved for the collection of semen, authorise in writing that no more than the number of doses of semen thereof recommended by the committee referred to in section 3 (5) (c) (ii) of the Act, may be used for the evaluation of such animal in an applicable scheme, irrespective whether the scheme concerned was established under section 14 of the Act or not: Provided that the registrator shall grant such authority only after the said Director has furnished him with the particulars of the intended evaluation and the blood typing laboratory number of the animal concerned.

Keeping and care of animals at A.I. centres

14. (1) Subject to the provisions of subregulations (2) and (3)—

- (a) no animals other than those referred to in regulation 13 (1) shall be admitted to the quarantine area of an A.I. centre;
- (b) only those animals approved in terms of section 10 (3) (c) of the Act for the collection of semen or ova shall be admitted to or kept at A.I. centre; and
- (c) an animal shall be removed from the quarantine area of an A.I. centre or such centre, as the case may be, within 14 days of the date of a written notification by the registrator that—
 - (i) an application in terms of regulation 4 (1) for the approval that animal was refused;
 - (ii) an application in terms of regulation 6 for the renewal of the approval of that animal was refused;
 - (iii) the approval of that animal is withdrawn under section 13 (1) of the Act; or
 - (iv) the registrator has withdrawn an approval granted in terms of subregulation (3).

(2) A female animal approved in terms of section 10 (3) (c) of the Act for the collection of ova and which is not normally kept at an E.T. centre, may together with her offspring at foot, be admitted for the collection of ova to an E.T. centre only if the veterinarian responsible for the health of the animals kept at that E.T. centre, is satisfied that, since her approval or the renewal of her approval, as the case may be, no change has occurred in her general state of health or that of the herd in which she is normally kept.

(3) (a) Die registrator kan op 'n aansoek en na ondersoek in verband daarvan wat hy nodig ag, skriftelik en op die voorwaardes wat hy in elke geval bepaal, goedkeur dat 'n ander dier as een in subregulasiës (1) (a) en (b) en (2) bedoel, vir die doeleindes in sodanige goedkeuring vermeld, by 'n K.I.-sentrum aangehou mag word.

(b) 'n Aansoek in paragraaf (a) bedoel, moet minstens 30 dae voor die beoogde datum waarop 'n dier in daardie paragraaf bedoel, op die betrokke K.I.-sentrum gebring sal word, skriftelik by die registrator ingedien word, en moet—

- (i) die naam en adres van die betrokke K.I.-sentrum aandui;
- (ii) 'n volledige beskrywing van die betrokke dier bevat, insluitende 'n beskrywing van enige kenmerke waardeur dit geïdentifiseer kan word;
- (iii) die doel waarvoor die betrokke dier by die betrokke K.I.-sentrum aangehou sal word, vermeld; en
- (iv) vergesel gaan van 'n sertifikaat deur 'n veearts wat 'n beampete is ten opsigte van die algemene gesondheid van die betrokke dier en die afwesigheid van siekte sowel as die bedrag in item 10 van Tabel A vermeld.

Opvang, verwerking, merk, verpakking en opbergung van semen of eiselle vir verkoop

15. (1) Die toerusting wat vir die opvang van semen of eiselle gebruik sal word, moet vooraf skoon gemaak, gesteriliseer en in gereedheid gebring word, en die apparaat wat vir die ondersoek, verwerking en verpakking daarvan gebruik word, moet skoon en gesteriliseerd wees.

(2) Sodanige toerusting en apparaat moet op so 'n wyse gebruik word dat die semen of eiselle van verskillende diere nie vermeng sal raak nie en dat die semen of eiselle nie besmet of beskadig sal raak nie.

(3) Semen of eiselle van diere wat ingevolge artikel 10 (3) (c) van die Wet vir die opvang van semen of eiselle goedgekeur is, mag nie gelyktydig met semen of eiselle van enige ander dier opgevang, verwerk, verpak of gemerk word nie.

(4) Die verdunningsmiddel vir semen en die medium waarin 'n eisel vir inovulering voorberei of bewaar word, mag nie enige mikro-organismes of bestanddeel bevat wat skadelik of nadelig vir daardie semen, eisel, of vir 'n dier wat daarvan geïnsemineer of geïnovuleer word, na gelang van die geval, is nie.

(5) (a) Elke dosis semen, uitgesonderd semen wat in korrelvorm verpak word, en elke eisel of lot eiselle moet in 'n afsonderlike houer verpak word wat op so 'n wyse verséel word dat die semen of eisel nie sal verspil of besmet sal word nie.

(b) Wanneer semen in korrelvorm verpak word, moet die semen van elke dier waarvan dit opgevang is op die wyse in paragraaf (a) bedoel afsonderlik verpak word.

(6) Elke houer waarin 'n dosis semen of 'n eisel verpak word, moet hetsy in gekodifiseerde vorm of andersins gemerk of geëtiketteer wees op 'n wyse wat maklik leesbaar is en wat nie tydens opbergung, vervoer of hantering uitgewis sal word nie, met—

- (a) die naam of kodenommer van die K.I.-sentrum waar daardie semen of eisel opgevang is of in die geval van semen of 'n eisel wat by 'n ander plek as 'n K.I.-sentrum opgevang is, met die naam van die persoon wat dit opgevang het;
- (b) die identifikasie van die dier waarvan dit opgevang is;
- (c) die datum waarop daardie semen of eisel opgevang is, of die lotnommer van die semen of eiselle waarvan daardie dosis semen of daardie eisel verkry word;

(3) (a) The registrar may on application and after inquiry in connection therewith which he may deem necessary, on such conditions as he may in each case determine, approve in writing that an animal other than one referred to in sub-regulations (1) (a) and (b) and (2), may be kept at an A.I. centre for the purposes specified in such approval.

(b) An application referred to in paragraph (a) shall be submitted to the registrar in writing at least 30 days prior to the intended date on which the animal referred to in that paragraph is to be brought onto the A.I. centre concerned, and shall—

- (i) indicate the name and address of the A.I. centre concerned;
- (ii) contain a complete description of the animal concerned, including a description of any identification marks whereby it may be identified;
- (iii) state the purpose for which the animal concerned will be kept at the A.I. centre concerned; and
- (iv) be accompanied by a certificate by a veterinarian who is an officer in respect of the general state of health of the animal concerned and the absence of disease, as well as the amount specified in item 10 of Table A.

Collection, processing, marking, packing and storage of semen or ova for sale

15. (1) The equipment to be used for the collection of semen or ova shall be cleaned, sterilised and prepared beforehand, and the apparatus to be used for the examination, processing and packing thereof shall be clean and sterilised.

(2) Such equipment and apparatus shall be used in such manner that the semen or ova of different animals will not become mixed and that the semen or ova will not become contaminated or damaged.

(3) Semen or ova from animals approved in terms of section 10 (3) (c) of the Act for the collection of semen or ova shall not be collected, processed, packed or marked simultaneously with semen or ova collected from any other animals.

(4) The diluent for semen and the media in which an ovum is prepared or preserved for inovulation, shall not contain any micro-organisms or substance injurious or detrimental to that semen or ovum, or to an animal which is inseminated or inovulated therewith, as the case may be.

(5) (a) Each dose of semen, excluding semen packed in pellet form, and each ovum or batch of ova shall be packed in a separate container that shall be sealed in such manner that the semen or ovum will not spill or become contaminated.

(b) When semen is packed in pellet form, the semen of each animal from which it is collected shall be packed separately in the manner referred to in paragraph (a).

(6) Each container in which a dose of semen or an ovum is packed shall either in codified form or otherwise, be marked or labelled, in a manner which is easily legible and which will not be effaced during storage, conveying or handling, with—

- (a) the name or code number of the A.I. centre where that semen or ovum was collected or, in the case of semen or an ovum which was collected at a place other than A.I. centre, the name of the person who collected it;
- (b) the identification of the animal from which it was collected;
- (c) the date on which that semen or ovum was collected, or the batch number of the semen or ova from which that dose of semen or that ovum was obtained;

- (d) in die geval van 'n embryo, die identifikasie van die dier waarvan die semen ingevolge artikel 7 (3) (b) van die Wet vir die bevrugting van daardie eisel gebruik is; en
(e) in die geval waar semen in korrelvorm verpak is, die minimum aantal lewende spermatozoa wat elke korrel bevat.

(7) 'n Dosis semen van 'n soort dier in kolom 1 van Tabel B vermeld, moet minstens die aantal lewende spermatozoa in kolom 2 van genoemde tabel daarteenoor vermeld, bevat.

(8) Semen of eiselle wat opgevang is van diere wat ingevolge artikel 10 (3) (c) van die Wet vir die opvang van semen of eiselle goedgekeur is, moet afsonderlik van semen of eiselle wat van enige ander diere opgevang is, geberg word.

Goedkeuring vir die verkoop van sekere semen en eiselle

16. (1) 'n Aansoek om 'n goedkeuring ingevolge artikel 8 (2) (a) van die Wet vir die verkoop van semen of eiselle in daardie artikel bedoel, moet—

- (a) op 'n vorm gedoen word wat vir dié doel by die registrator verkrybaar is;
(b) minstens 60 dae voor die beoogde datum van verkoop van die betrokke semen of eiselle ingedien word; en
(c) vergesel gaan van die bedrag in item 11 van Table A vermeld.

(2) Sodanige goedkeuring—

- (a) is onderworpe daaraan dat—
 (i) slegs die getal dosisse semen of eiselle in sodanige goedkeuring vermeld; aan die koper en binne die tydperk daarin vermeld, verkoop mag word; en
 (ii) die semen of eiselle wat daarkragtens verkoop sal word, ooreenkomsdig die toepaslike bepallisings van regulasie 15 opgevang, verwerk, verpak en gemark moet wees; en
(b) is onderworpe aan sodanige verdere voorwaardes as wat die registrator in elke geval op die aanbeveling van die komitee in artikel 3 (5) (c) (ii) van die Wet bedoel, en die betrokke veetelersgenootskap, bepaal.

Verkoop van semen van skape en bokke opgevang by plekke anders as K.I.-sentrum

17. (1) 'n Aansoek om 'n goedkeuring deur die registrator ingevolge artikel 8 (2) (c) van die Wet, dat semen wat van skape of bokke opgevang word by 'n plek in die Republiek anders as 'n K.I.-sentrum, verkoop mag word, moet—

- (a) op 'n vorm gedoen word wat vir die doel by die registrator verkrybaar is; en
(b) vergesel gaan van die bedrag in item 12 van Tabel A vermeld.

(2) Sodanige goedkeuring—

- (a) is onderworpe daaraan dat die betrokke skaap of bok—
 (i) vervoer word vanaf die K.I.-sentrum waar dit gewoonlik gehou word na die plek waar die semen opgevang sal word, en terug, in 'n mobiele eenheid wat aan die vereistes in subregulasie (3) uiteengesit, voldoen en deur die registrator vir dié doel goedgekeur is; en
 (ii) nie fisiese kontak met enige ander diere, gedurende die vervoer of by die plek waar sy semen opgevang sal word, maak nie;
(b) onderhewig is daaraan dat die semen by sodanige ander plek opgevang, slegs vir die inseminering van skape of bokke by sodanige plek gebruik word en nie verpak, gevries of opgeberg word nie; en

- (d) in the case of an embryo, the identification of the animal of which the semen was used in terms of section 7 (3) (b) of the Act for the fertilisation of that ovum; and
(e) in the case where semen is packed in pellet form, the minimum number of live spermatozoa contained in each pellet.

(7) A dose of semen of a kind of animal specified in column 1 of Table B shall contain at least the number of live spermatozoa specified in column 2 of the said Table opposite thereto.

(8) Semen or ova collected from animals approved in terms of section 10 (3) (c) of the Act for the collection of semen or ova shall be stored separately from semen or ova collected from any other animals.

Approval for the sale of semen and ova

16. (1) An application for an approval in terms of section 8 (2) (a) of the Act for the sale of semen or ova referred to in that section shall—

- (a) be made on a form which is obtainable from the registrar for this purpose;
(b) be submitted at least 60 days prior to the intended date of sale of the semen or ova concerned; and
(c) be accompanied by the amount specified in item 11 of table A.

(2) Such approval shall—

- (a) be subject thereto that—

- (i) only the number of doses of semen or ova specified in such approval shall be sold to the purchaser and within the period specified therein; and
(ii) the semen or ova to be sold in terms thereof, are collected, processed, packed and marked in accordance with the applicable provisions of regulation 15; and

- (b) be subject to such further conditions as the registrar may in each case on the recommendation of the committee referred to in section 3 (5) (c) (ii) of the Act, and the livestock breeders' society concerned, determine.

Sale of semen of sheep and goats collected at places other than an A.I. centre

17. (1) An application for an approval by the registrar in terms of section 8 (2) (c) of the Act, that semen collected from sheep or goats at any place in the Republic other than an A.I. centre may be sold, shall—

- (a) be submitted on a form which is obtained from the registrar for this purpose; and
(b) be accompanied by the amount specified in item 12 of table A.

(2) Such approval shall—

- (a) be subject thereto that the sheep or goat concerned shall—

- (i) be transported from the A.I. centre where it is normally kept, to the place where the semen is to be collected, and back, in a mobile unit which complies with the requirements set out in subregulation (3) and is approved by the registrar for that purpose; and

- (ii) not make any physical contact with any other animals during transportation or at the place where its semen is to be collected;

- (b) be subject thereto that the semen collected at such other place shall only be used for the insemination of sheep or goats at such place and not be packed, frozen or stored; and

(c) is onderworpe aan sodanige verdere voorwaardes as wat die registrateur in elke geval op die aanbeveling van die komitee in artikel 3 (5) (c) (ii) van die Wet bedoel, bepaal.

(3) 'n Mobiele eenheid waarin skape of bokke na 'n ander plek vervoer word vir die opvang van semen ingevolge 'n goedkeuring in subregulasie (1) bedoel, moet—

(a) so ontwerp wees dat—

- (i) die skape of bokke waarvan semen aldus opgevang sal word, geriefliek daarin gehou, voervoer en hanteer kan word en nie daaruit kan ontsnap nie;
- (ii) die opvang van semen van die betrokke skape of bokke daarop gedoen kan word;
- (iii) die ruimte waarin die betrokke skape of bokke gehou, vervoer en hanteer word, afgesluit is van die ruimte waar die semen vir kunsmatige inseminering ondersoek en voorberei word; en
- (iv) die ruimtes in subparagraph (iii) bedoel, doeltreffend skoongemaak en ontsmet kan word; en

(b) voorsien wees van die toerusting wat vereis word vir die opvang, ondersoek en voorbereiding van semen, asook geriewe vir die reiniging, ontsmetting of sterilisering en voorbereiding van sodanige toerusting.

Kunsmatige inseminering en inovulering van diere

18. (1) Die bepalings van regulasie 15 (1) is *mutatis mutandis* van toepassing op die toerusting wat vir kunsmatige inseminering of inovulering gebruik word.

(2) 'n Sertifikaat wat ingevolge artikel 7 (2) van die Wet deur 'n veearts of iemand wat ingevolge artikel 10 (3) (a) van die Wet as 'n insemineerde, embryo-oorplaser of inovuleerde geregistreer is, aan die eienaar van 'n dier voorsien moet word, moet—

- (a) die naam en adres van die persoon wat die kunsmatige inseminering of inovulering van die betrokke dier uitgevoer het, bevat;
- (b) die identifikasie van die dier wat kunsmatig geïnsemineer of geïnovuleer is, bevat;
- (c) die besonderhede waarmee diehouer van die semen of eiselle wat gebruik is, soos in regulasie 15 (6) beoog, gemerk of geëtiketteer is, bevat: Met dien verstande dat—
 - (i) indien vars semen ingevolge 'n magtiging kragtens artikel 8 (2) (c) van die Wet gebruik is, die besonderhede bedoel in regulasie 15 (6) met betrekking tot daardie semen en die opvang daarvan op sodanige sertifikaat verstrek moet word; of
 - (ii) indien 'n dier met 'n vars embryo geïnovuleer is sodanige besonderhede met betrekking tot die betrokke eisel sowel as die semen wat vir bevrugting gebruik was, op sodanige sertifikaat verstrek moet word; en
- (d) 'n aanduiding van die datum waarop die betrokke dier geïnsemeneer of geïnovuleer is, bevat.

(3) Die persoon deur wie sodanige sertifikaat uitgereik is, moet 'n afskrif daarvan vir minstens twee jaar na die datum van uitreiking daarvan, bewaar.

Aantekeninge wat gehou moet word

19. (1) Iemand in wie se naam 'n K.I.-sentrum geregistreer is, en 'n teler bedoel in artikel 8 (2) (b) van die Wet wat semen verkoop, moet ten opsigte van elke dier waarvan semen of eiselle, na gelang van die geval, opgevang word, aantekeninge hou van—

- (a) elke datum waarop semen of eiselle van elke sodanige dier opgevang is en, indien van toepassing, die lotnommer wat aan daardie semen of bruikbare eiselle toegeken word: Met dien verstande dat indien 'n lot semen of eiselle onbruikbaar is, die datum waarop dit vernietig is, aangeteken moet word;

(c) be subject to such further conditions as the registrar may in each case on the recommendation of the committee referred to in section 3 (5) (c) (ii) of the Act, determine.

(3) A mobile unit in which sheep or goats are transported to another place for the collection of semen in terms of an approval referred to in subregulation (1) shall—

(a) be designed in such manner that—

- (i) the sheep or goats from which semen is to be thus collected, may be kept, transported and handled comfortably therein, and will not escape therefrom;
- (ii) the collection of semen from the sheep or goats concerned can be done thereon;
- (iii) the space in which the sheep or goats concerned are kept, transported and handled is closed off from the space in which the semen is examined and prepared for artificial insemination; and
- (iv) the spaces referred to in subparagraph (iii) can be cleaned and disinfected effectively; and

(b) be provided with the equipment required for the collection, examination and preparation of semen, as well as facilities for the cleansing, disinfection or sterilisation and preparation of such equipment.

Artificial insemination and inovulation of animals

18. (1) The provisions of regulation 15 (1) shall *mutatis mutandis* apply to the equipment which is used for artificial insemination and inovulation.

(2) A certificate which shall be furnished in terms of section 7 (2) of the Act to the owner of an animal by a veterinarian or a person who is registered in terms of section 10 (3) (a) of the Act as an inseminator, embryo transferor or inovulator shall contain—

- (a) the name and address of the person who carried out the artificial insemination or inovulation of the animal concerned;
- (b) the identification of the animal that has been artificially inseminated or inovulated;
- (c) the particulars with which the container of the semen or ova used, is marked or labelled as contemplated in regulation 15 (6): Provided that—
 - (i) if fresh semen is used in terms of an approval under section 8 (2) (c) of the Act, the particulars referred to in regulation 15 (6) relating to that semen and the collection thereof shall be furnished on such certificate; or
 - (ii) if an animal is inovulated with a fresh embryo, such particulars relating to the ovum concerned as well as the semen used for the fertilisation thereof shall be furnished on such certificate; and
- (d) an indication of the date on which the animal concerned was artificially inseminated or inovulated.

(3) The person by whom such certificate was issued shall retain a copy thereof for at least two years after the date of issue thereof.

Records to be kept

19. (1) A person in whose name an A.I. centre is registered and a breeder referred to in section 8 (2) (b) of the Act who sells semen shall in respect of each animal from which semen or ova, as the case may be, are collected, keep records of—

- (a) each date on which semen or ova are collected from each such animal and, if applicable, the batch number allocated to that semen or usable ova: Provided that if a batch of semen or ova is unfit for use, the date on which it is destroyed shall be recorded;

- (b) die opvang van eiselle, en sodanige aantekeninge moet die besonderhede in regulasie 15 (6) bedoel, bevat;
- (c) die dosisse semen of getal eiselle wat van elke sodanige lot verpak is; en
- (d) die naam en adres van elke persoon aan wie semen of eiselle wat van elke besondere dier opgevang is, verkoop was, die datum van daardie verkoping en die getal dosisse semen of eiselle aldus verkoop.

(2) Die aantekeninge wat ingevolge subregulasie (1) gehou moet word, moet vir minstens vyf jaar na die datum van verkoop van al die semen of eiselle wat van die betrokke dier opgevang is, bewaar word.

Aansoek om invoermagtigings

20. (1) 'n Aansoek om 'n magtiging in artikel 16 van die Wet bedoel—

- (a) om diere (uitgesondert pluimvee), semen of eiselle in die Republiek in te voer, moet in triplikaat ingedien word soos in artikel 16 (2) (b) (i) van die Wet beoog, op 'n vorm wat vir die doel verkrybaar is van die registrateur, die Stamboekvereniging of die veetelersgenootskap betrokke by diere waartoe die diere, semen of eiselle wat vir invoer bestem is, behoort;
- (b) om pluimvee of eiers in die Republiek in te voer, moet in duplikaat ingedien word soos in artikel 16 (2) (b) (ii) van die Wet beoog op 'n vorm wat vir die doel verkrybaar is van die registrateur of die komitee bedoel in artikel 3 (5) (c) (iii) van die Wet.

(2) Waar sodanige aansoek ingedien word soos in subregulasie (1) beoog, moet 'n bykomende afskrif daarvan aan die registrateur gestuur word tesame met die bedrag in item 13 van Tabel A vermeld.

(3) 'n Aansoek in subregulasie (1) bedoel, moet—

- (a) in die geval van diere (uitgesondert pluimvee), vergesel gaan van 'n uitgebreide tweegenerasiestamboom en die prestasiegegewens wat betrekking het op elke dier wat vir invoer beoog word asook 'n sertifikaat waarin die bloedtype van elke sodanige dier (uitgesondert skape, bokke en varke) aangedui word: Met dien verstande dat die besonderhede in sodanige stukke bevestig moet word deur 'n gesag, in die land van herkoms van die betrokke dier, wat die registrateur en die komitee in artikel 3 (5) (c) (i) van die Wet bedoel, vir die doel erken: Met dien verstande voorts dat indien 'n bloedtiperingssertifikaat nie 'n aansoek vergesel nie, die bloedtipering van elke betrokke dier binne 30 dae na die aankoms daarvan in die Republiek gedoen moet word en die bloedtiperingslaboratoriumnommer ten opsigte daarvan aan die registrateur verstrek moet word;

- (b) in die geval van semen of eiselle, vergesel gaan van—

- (i) die stukke in paragraaf (a) vermeld, ten opsigte van elke dier waarvan sodanige semen of eiselle opgevang is; en
- (ii) 'n sertifikaat, uitgereik deur 'n gesag, in die land van herkoms van die betrokke dier, en deur die registrateur vir dié doel erken, waarin die bloedtipers van die semen- en eiselskenkers (uitgesondert skape, bokke en varke) aangedui word;

- (c) in die geval van embryo's vergesel gaan van die stukke in paragraaf (a) vermeld ten opsigte van die dier waarvan die semen vir die inseminering van die skenker van daardie embryo's gebruik word;

- (b) the collection of ova, and such records shall contain the particulars referred to in regulation 15 (6);
- (c) the doses of semen or number of ova packed from each such batch; and
- (d) the name and address of each person to whom semen or ova collected from each particular animal were sold, the date of that sale and the number of doses of semen or ova thus sold.

(2) The records to be kept in terms of subregulation (1) shall be retained for at least five years after the date of sale of all the semen or ova collected from the animal concerned.

Applications for import authorisations

20. (1) An application for an authorisation referred to in section 16 of the Act—

- (a) to import animals (excluding poultry), semen or ova into the Republic shall be lodged in triplicate as contemplated in section 16 (2) (b) (i) of the Act on a form which is obtainable for this purpose from the registrar, Stud Book Association or the livestock breeders' society concerned with the animals to which the animals, semen or ova intended for importation belongs;
- (b) to import poultry or eggs into the Republic shall be lodged in duplicate as contemplated in section 16 (2) (b) (ii) of the Act on a form which is obtainable for this purpose from the registrar or the committee appointed in terms of section 3 (5) (c) (iii) of the Act.

(2) Where such application is lodged as contemplated in subregulation (1), an additional copy thereof shall be forwarded to the registrar with the amount specified in item 13 of Table A.

(3) An application referred to in subregulation (1) shall—

